
## Blokkiesraaisel No 2.

Bydrae: Annekie N.1
Antwoorde: (Volume 3)



Antwoorde. Volume 1. - (Susan Theron)

ANTWOORDE : DWARS

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Boshoff | 8 Pas | 11 Olé | 14 Amos | 18 Ru |
| 21 Bos | 24 Si | 26 M | 27 Son | 30 Akte |
| 34 Oo! | 36 Skoene | 43 Skut | 47 Dé | 49 Koo |
| 52 Ja | 55 Looilat | 62 Vet | 65 Egte | |

ANTWOORDE : AF

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Bamboo | 2 Osoon | 5 Ooskotjie | 6 Fluite | 7 Fes |
| 8 Pa | 17 Ss | 27S.O.S. | 30 AKU | 33 End |
| 36 Skoot | 41 Eelte | 43 Sole, | 53 Alg | 60 At |

Rose

# OPSAAL!



No 2
1993.



GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB



## STAP SAAM MET MY

Ek is baie dankbaar vir die bydraes wat ek ontvang het vir die eerste, sowel as die uitgawe van "Opsaal" (Volume 2).

Voortaan moet alle bydrae egter reeds getik wees as dit my bereik. Stuur asseblief u bydrae na Posbus 7033, Blanco, 6531.

Daar is vandag duisende Suid-Afrikaners wat graag in die natuur stap, en hierdie sportsoort neem steeds toe in gewildheid.

Gelukkig beteken voetslaan vir die meeste voetslaners nie slegs 'n toets vir hulle uithouvermoë of fiksheid nie maar eerder 'n hunkering om intiemer met die natuur te verkeer en om meer omtrent die natuurwonders te wete te kom.

Natuurlik kom hierby nog baie ander redes wat van stap 'n uitnemende soort ontspanning maak. Stap is egter duidelik 'n soort sport. "SFORT" kom van die latynse woord wat letterlik beteken om in die hawe te wees en dus (figuurlik), om jou gewone werk agter te laat, te ontspan, tot jouself te kom, te speel, te geniet en vreugde te bedrywe.

Te veel van ons vandag het al vergeet dat sport basies 'n vorm van spel is. Vir sommige nie net die beroepsportlui nie, maar ook die toeskouers - het dit dodelike erns geword.

Stap doen aan jou wat baie ander sportsoorte nie kan dc nie. Stap is byvoorbeeld behalwe sport terselfdertyd c 'n volledige vakansie.

Voetslaan is verder die heel oudste van alle sportsoort Hiermee bedoel ek nie dat die mensheid dit van ouds as sport beoefen het nie. Ons voorouers, wat nog nie nodi gehad het om - soos nou - hulle lewe om te sit nie, het heel waarskynlik nog nie besef hoe 'n voorreg dit is om op jou eie voete te kan beweeg nie!

Dit neem egter nie weg dat stap die heel eerste, primitiefste, "vervoerwyse" was nie. Is dit bloot modegier o sit daar iets meer in die feit dat so baie mense - self gesinne - vandag liewer hulle rugsakke pak en die voetp aandurf as hulle tasse te pak en die teerpad na 'n luuk hotel te kies?

Hoe is dit moontlik dat soveel mense in ons moderne Westerse Beskawing met al sy geriewe liewer die ongemak van die veld verkies?
Die rustigheid van 'n vakansie per pedes apostolorum (i die aposteiperde) gee aan 'n mens ook die geleentheid oor die dieper vrae van die lewe na te dink.

Die groot geheim van stap is dat jy met jou twee voete plat op die aarde stap. Jy kan as't ware die polslag va die skepping voel. En jy beweeg stadig genoeg om die maksimum rondom jou te kan inneem. Soms is dit selfs nodig om op jou kniee te gaan hurk of maag te gaan lê o 'n klein insekkie of 'n piepklein blommetjie mooi te kan beskou.

Stap oefen dus nie net 'n mens liggaamlik nie, maar kan ook jou geestelike voelhorings weer sensitief maak, sodat jy beter kan aanvoel wat met jou en om jou gebeur.

Stap is 'n sportsoort wat die hele liggaam oefeninge gee. Na die eerste dag voel 'n mens dikwels of jy pyne het waar jy nie eers spiere het nie.

Om te stap is dus ook nie altyd aangenaam nie - 'n mens moet ook nie alles veridealiseer nie. Soos 'n "niggerball" kan dit soms hard wees! Maar - dit bly lekker ....

Die wye horisonne en boeiende vergesigte op 'n staptog gee nie net aan jou oë oefening om 'n slaggie weer ver te kyk nie. Dit verruim ook jou hart, jou blik op die lewe.

My eie ervaring as stapper is dat, afgesien van die Bybel, daar niks is wat jou so konkreet voor die werklikheid van God se betaan stel as om in die ongerepte natuur te wees nie. Jy ervaar dit nie net op die stilte van 'n sneeubedekte bergpiek nie maar ook in stormweer, as die blitse die hemel klief, die donderslae die aarde ruk, die wind jou tentjie wil ompluk en die reën in strome neergiet.

Wanneer 'n mens weer 'n keer na aan die aarde leef, word jou afgestompte sintuie wakker en jy hoor 'n lied, 'n voortreflike lied, wat jy nooit gehoor het nie, die lied van God se skepping. En as jy die lied eenmaal gehoor het, is dit baie moeilik om nie in verwondering saam te sing nie......

Aan al my medevoetslaners.
Onthou Vita magna est, die lewe is groot vir 'n voetslaner!
Moenie dat die gras onder julle voete groei nie.

Voetslaan Groete.

Annekie Nel

---

*The Appalachian Trail*

Mankind has it all
and it's not enough . . .
or, just maybe
it's too much.

So we look
in other places
to unwrinkle the brow,
ease the pain,
sift through the clutter
and find a bare tread
of meaning, undefined.

And build upon it,
filling the soul,
mile after endless mile,
with the goodness
of nature.

---

Ons, van die moderne mensheid, het los geraak van die natuurlike wêreld... deur hebsug van die oer-ritmes vervreem. Die primitiewe mense op wie ons neersien leef in harmonie met die omgewing, is bewus van 'n verbondenheid aan die aarde en voer 'n sinvoller bestaan as ons...

Ons beleef 'n verworde kultuur – ontaard in vernietiging en geweld.

---

twee slotversies uit 'n pragtige gediggie van W.L Stidger met die veelseggende titel "God's autograph".


"One night I stood and watched the stars;
The Milky Way and ranging Mars,
Where God in letters tipped with fire —
The story of His tall desire
Had writ in rhyme and signed His name —
A stellar signature of flame.

Die moderne manier van voetslaan is maar iets van ons eeu. Pakstap, soos sommige die tipe ontspanning wil noem, is in die VSA geweldig gestimuleer toe Benton Mackaye in 1921 met die gedagte van die Appalachian Trail gekom het. Dit is 'n voetslaanpad van 3 200 kilometer deur veertien verskillende oostelike state van Amerika, vanaf Maine in die Noorde tot Georgia in die Suide.

Hierdie staproete is in 1937 — na 15 jaar se harde arbeid — geopen. Die meeste werk is destyds, en word vandag nog deur vrywilligers (individue en voetslaanklubs) gedoen. Hulle is verantwoordelik om bepaalde gedeeltes van die roete instand te hou, vullis te verwyder, alternatiewe roetes te beplan as die bestaande uitgetrap of verspoel raak, roeteaanduidings te versorg, 'n ogie oor die ongeveer 320 skuilings te hou en ook nog advies aan voornemende voetslaners te gee. Voorwaar 'n merkwaardige prestasie!

Vandag is die Appalagiese Roete die langste gemerkte voetslaanpad in die wêreld. (Die Pacific Crest Trail in die Weste van die VSA is glo langer maar beskik nie oor ononderbroke roeteaanduidings nie).

Eers in 1975 het dinge in Suid-Afrika op hierdie gebied koers begin kry. Die Nasionale Voetslaanpadraad het ontstaan, en die een na die ander staproete het gereed gekom, sodat ons eendag van die Soutpansberge in Noord-Transvaal tot by die Sederberge in Wes-Kaapland sal kan stap!



# Dit het gebeur

BYDRAE VIR OPSAAL

Gedurende Januarie I991 tydens middagete te Tierkop, het Lina Aucamp geboorte geskenk aan die gedagte van n Dinsdag voormiddag wandeling. Alhoewel aan vanklik wankelend het die gedagte werklikheid geword, die gepaardgaande groeipyne oorleef, sodat dit vandag die voedingsbron is van Berg en Dal se totale aanwas is.

Sedert Mei 9I word n register op Dinsdag gronde slag gereeld bygehou en dit is interressant en bemoedigend om elke Dinsdag die name van dieselfde persone op te merk. Hulle is voorwaar die kern waarom n lewenskragtige en immergroen vereniging gebou word. Opregte dank vir julle getroue deelname. Julle bevestig ongeewenaarde toewyding, deursettingsvermoe en lojaliteit, wat enige organisasie se ego streel.

Die register het ook roete, afstand en opmerkings kolom: Daarvolgens het ons gedurende I991 650 kilos gestap. Op 24 September en 29 Oktober het die stap doodgereen. I992: Op 4Feb lol Lina se rugsak. Op II/2 mis Magdaleen en Theresa die Waterval. I8/2 oorweldig mymeringe vir Susanne 29/I2 Lina en Natalie deel die stomp, maar Natalie drink die hele pad aan die agterspeen. I993: I9/I SAUK maak n opname van ons voetslaners. 16/2 Swemlus oorweldig voetslaners. Waterval se klippe klippe laat koppe onbemerk in skaamte sak en bloos steeds. Stomme goed.

Verder vertruolik. Moet asseblief nooit se ek se so nie, maar Joey se geheim is uit. DIE BONDEL MAAK HAAR BENOUD. Daarom met die omdraaislag laat waai, Meraai, in jou Maai, en Joey is los voor en niks minder as hare op jou tande of jy hou nie by nie.

Gegroet en dankie vir al die aangename voetslaan.

Tom Boshoff.



STAPPERSVREUGDE
=====================

As ek net 'n bietjie U aandag mag vra.
om 'n dag saam met my die rugsak te dra.
Ek wil net saam met U een dag die berge instap.
saam met "BERG en DAL" Voetslaanklub.....en dit is geen grap.

Dit begin soggens vroeg in die hut al te skarrel
een vir een word nou wakker en begin heen en weer te dwarrel.
"Het jy lekker geslaap?" word keer op keer gevra.
"My rug was so seer.maar ek sal maar nie kla!"

Hier hoor jy een gasstofie wat voluit begin suis.
daar is iets met iemand se rugsak nie pluis.
So is elkeen besig op sy eie manier.
Maar na een uur staan daar toch al rugsakke buite.
en elkeen kry tog steeds meer plesier.

Dan word die rugsakke opgesit met krag,
en word daar gelees en gebid vir die dag.
Daarna stap elkeen nou weg met veel moed.
sommige selfs met 'n heel grote spoed!

Maar nou begin jy al duidelik gewaar,
die berge is HOOG..... en die sakke is SWAAR.
Hier staan een stapper en asem skep,
daar is een ander weer besig met sy "strap".
n Ander staan met een vergrootglas en kyk na blommetjes,sowaar!
en die afstand word steeds groter so onder mekaar.

Maar op 'n bepaalde tyd word daar "brekfis" gehou
en kom almal weer bymekaar...baie getrou.
Deur die leier word die stappers weer moed ingepraat:
"ons het mooi gevorder"!
en almal voel weer tot die volgende etappe in staat.

So vorder ons kilometer vir kilometer
en kom die hut al nader en nader.
Maar die laaste kilometers begin nou bitter swaar weeg...
sommige praat selfs: "ons moet ons koppe laat lees"!
Maar elkeen vorder tog....stadig maar seker,
en na verloop van tydis almal by die hut....
en drink uit sy koffie beker.

Bedde word uitgesoek,sakke uitgepak.
sweet en stof word afgewas...
soms onder 'n stort of anders in een bak.
"AHAA" en "YATZEE" word tevoorskyn gehaal
dit word nou gespeel met groot kabaal.

Deur ander word hout gekap en vuur word gemaak,
en gou-gou trek die rokies bo-oor die dak,
of soms in die lapa dat ons oge so brand.
Sop ,milo en allerlei disse word berei
en ons lag en skerts so sy aan sy.!

So is hier die dag ook weer volbring,
en word dit nou tyd om te gaan sing.
Dit word nou gedoen met veel toewyding...
die dames neem nou veelal die leiding.
Nadat iemand die dag afsluit met gebed.
begin 'ieder in die donker te soek naar sy bed.

Na verloop van tyd begin dit al stiller raak,
en so is op 'n stadium al die "DAPPERE STAPPERS" aan die slaap.!!!

Bert van Walbeek.

# NATURE

By Ida Ingle

*Take my hand —*
*And lead me down that woodland path*
*Where grasses gently sway,*
*For there you've placed a silver stream*
*That ripples on its way,*
*With stepping stones that beckon one*
*To reach a shady dell -*
*A tranquil cove bedecked with ferns*
*That moss has covered well.*

*Take my hand —*
*And show me where that gnarled old tree*
*Was sculptured by your touch:*
*A fascinating work of art*
*That teaches one so much.*
*Among the rock formations, I*
*Just saw the rarest flower;*
*Such contrast in a changing world -*
*Imaginative power!*

*Your pallet teaches me so much*
*I stand in awe close by.*
*You're placing regal lilies now*
*Against an azure sky.*
*Your backdrops are a perfect foil*
*Whate'er your theme may be -*
*A silvery spray against black rocks*
*Or silhouetted tree.*

*I marvel at your changing hues*
*That blend so perfectly;*
*Cyanic, or the more intense*
*Are used so skilfully.*
*Communication is an art;*
*Your magic change is seen*
*Portraying first a fiendish mood*
*Then ... peaceful and serene.*

*Take my hand —*
*While clouds, like mobiles, gently move*
*And zephyrs set the pace.*
*With perfect balance, all declare*
*Your mastery of space;*
*And how with moisture and with light*
*Before my wondering eyes,*
*You then design a rainbow arc -*
*A heavenly surprise!*

*A certain sense impels one on*
*Endeavouring to create;*
*But floundering as we humans do,*
*We blindly imitate*
*The work of others like ourselves;*
*And then, with shame, confess*
*This leads one only to despair*
*And utter helplessness.*

*Take my hand —*
*And keep me very close to you*
*So I can learn the way:*
*The secrets of exquisite taste*
*You constantly display.*
*My reproduction may be poor;*
*But striving to attain,*
*With you the Master Genius,*
*Will be my richest gain.*

*Grasp my hand —*
*And guide it - ever holding firm -*
*And never letting go*
*Until it feels the impulse of*
*That true artistic flow!*
*Inspired by your influence,*
*Assuring untold pleasure,*
*This earth would be a paradise*
*Of limitless endeavour!*


# Find your Way.


## Om rigting te bepaal:

**If you are in the Southern Hemisphere (Figure 1)**
Lay your watch flat, and point the 12 at the sun. Bisect the angle formed between the 12 figure and the hour hand to obtain the North-South line.

**If you are in the Northern Hemisphere (Figure 2)**
Lay your watch flat, and point the hour hand at the sun. Bisect the angle formed between the hour hand and the 12 figure to obtain the N-S line.

A comparison of these two figures, where both watches show the time as 3:25, will clearly indicate the difference! Bear in mind that this means of determining direction cannot be employed at or about mid-day, or in equatorial




Cont. page 16

## Die Outeniqua "Voorvalle stap"

Vanaf 10 - 17 Nov 1992 het Austen, Annie, Sarie, Jane en 'n gas Yvonne v.d. Berg, hierdie roete gestap. Alles het voor die wind gegaan tot by Voortrekkerhut, waar dit die nag begin reën het. Die oggend was die reën verby, maar dit was baie mistig, toe die weer skielik dreun en dit begin stortreën. Ons ploeter vir twee ure in die reën, totdat ons te Kleinplaat in ou garages skuiling vind. Hier word tee gemaak en toe die weer opklaar stap ons verder na Langberghut, waar daar nou klere droog gemaak word.
Die volgende oggend na Windmeulnek het dit aanvanklik goed gegaan totdat ons die Hooggekraalrivier bereik, wat sterk vloei.
'n Tou word oor die rivier gespan en Austen en Hennie help die dames oor die water. Sarie was die laaste om te kruis en ons is nou so vol selfvertroue dat die tou losgemaak word, met rampspoedige gevolge. Beide Sarie en Hennie beland in die stroom tot groot vermaak van die ander. Behalwe die verlies van Hennie se horlosie en gekweste egos, was daar geen beserings nie.
Die namiddag sluit Salomé en Lenie by ons aan en Jane en Yvonne stap die volgende oggend uit. Onderweg na Platbos geniet ons middagete langs 'n bergstroompie en ons lê luilekker en bak in die son toe Austen soos blits opspring en 'n druipnat Lenie uit die stroom trek. Sy wou haar appel afwas toe sy in die stroom beland.
Behalwe vir Lenie, wat nog 'n keer van die bank waarop die voetpad gebou is, geval het en vir Salomé, wat haar horlosie verloor het, het ons sonder verdere voorvalle te Platbos, aangekom.
Vanaf Platbos stap ons in doureën na Millwood en moet die Homitinirivier, wat sterk vloei, met 'n kabel kruis. Op ons aankoms te Millwood word ons verras deur Allan en Karlien

wat besig is om vir ons skaapkollette te braai en wyn na keuse. Hulle opoffering was deur almal hoog waardeer.
Al probleem, wat nog voorlê is die Knysnarivier, daar dit die afgelope tyd baie gereën het. Die oggend van die 16de is ons vroeg op pad, daar ons nie weet hoe sterk die Knysnarivier vloei nie. Ons kruis die rivier redelik maklik met die kabel, alhoewel dit sterk vloei. Ons haal Rondebossie net in tyd voordat ʼn hewige stortbui uitsak. Hierdie is ʼn baie karaktervolle hut, met aandenkings van stappers, wat orals uitgestal is.
Die 17de Nov. stap ons weer vroeg, vandag lê nog net Jonkersberg voor, wat uitgeklim moet word. Vanaf die berg daal ons na ʼn baie nat voetpad, wat ons deur Bergvaringkloof en van die mooiste inheemsebosse lei. Net na 11h00 stap ons te Diepwalle uit ʼn heerlike stap, wat sy kwota van lagwekkende voorvalle opgelewer het. Sarie, wat Salomé se horlosie opgetel het, oorhandig die horlosie baie plegtig aan ʼn dankbare Salome, voordat ons vertrek.

Hennie Mouton.

My wenk aan voetslaners is om nooit haastig te wees nie. Jy het doelbewus die oudste en stadigste vervoermiddel gekies wat daar is. Dus: *festina lente,* haas jou langsaam. As jy vinnig op jou bestemming wou aankom, kon jy dit op yster- of rubberwiele gedoen het of — nog verder van die aarde af — in 'n vliegtuig geklim het.

U ken die uitdrukking dat alles wat 'n "te" vooraan het (te swaar — te lig, te vet — te maer, te veel — te min) nie goed is nie. Daar is (behalwe *tevrede!)* net één uitsondering op hierdie reël: *te voet.* 'n Vakansie te voet is 'n vakansie duisend!

## VISRIVIER-CANYON WILDERNISROETE.

Hierdie is die "Mekka" van staproetes vir baie voetslaners. Die roete is onherbergsaam met ʼn natuurskoon, wat eie is aan hierdie gebied. Die temperatuur is wisselvallig en kan wissel tussen 5 tot 40 grade Celsuis, veral vroeg in Mei. Hierdie roete is slegs tussen 1 Mei en 31 Augustus, oop. Ondervinding het geleer dat dit nog baie warm is, die begin van Mei.
Die roete is ± 80 km. as die kortroetes gevolg word en ± 90 km, as die loop van die rivier gevolg word.
Vanaf die beginpunt daal die roete baie steil, maar gelukkig is hier kettings aangebring om die voetslaner te help. Dit neem ongeveer 45 tot 90 minute om af te daal. Dit word aanbeveel dat die Stapper sy tyd hier neem.
Die eerste 15 km. tot by die swaelbron is die moeilikste gedeelte van die roete, daar die Stapper voortdurend oor rotse moet klouter en klim. Hiervandaan word die roete makliker hoe verder daar gestap word. Na 50 km. kan die kortpad, verby die viervingerrots geneem word, wat weer by von Trotha se graf by die rivier aansluit. Hiervandaan is dit ʼn maklike stap na Ai-Ais, waar die moeë stapper in die mineraalbad kan ontspan.
Redelike fiksheid is ʼn vereiste, daar die voetslaner slegs op twee plekke nl. na 15 km.en weer na 50 km. afgevoer kan word, per voertuig. ʼn Mediesesertifikaat van fiksheid word verlang.
Tente is nie nodig nie, daar dit selde gedurende die winter reën.
Aangesien ongeveer 2800 - 3000 km gery word, kan stappers die watervalle te Augrabies besoek en ook die 3-daagse Klipspringerroete doen, wat dit meer koste-

koste......

effektief maak.
Indiendie stap gedurende Augustus geskied, kan die terugreis deur Namakwaland geskied, met die moontlikheid van 'n blommeskouspel.
Vanaf van Rhynsdorp kan die pad via Vredendal na Lambertsbaai gevolg word, waar die der duisende Albatrosse besigtig kan word. Die volgende dag kan via Clanwilliam na George teruggereis word.

Hennie Mouton.

## MANDLEVE, AFRICA'S BIGGEST TUSKER

What must be the largest tusker left alive in Africa (and therefore probably in the world) is regularly being seen in one of the private game reserves of the Sabi Sand in the Eastern Transvaal.


Known as Mandleve (the one with the ear), this enormous bull elephant has been spotted close to the Sabie River, which forms the boundary between the Kruger Park and Sabi Sabi Game Reserve.

According to the staff at this reserve, many fortunate guests have observed this magnificent animal at very close quarters. And he's truly a formidable sight.

He's usually in the company of a number of young askaris who keep a watchful eye on this 'Old Man of the Sabie River'.

After a lifetime of use his famous tusks are deeply stained, and it's estimated that each is over two metres long and weighs as much as 75 kilograms.

In the Africa of yesteryear many elephant of his size roamed the bush. But they have long since been ruthlessly persecuted and destroyed for their huge ivory tusks. Mandleve is now the only link with an almost forgotten age.




**Mandleve, probably the largest tusker left aliv[e] in the world, is regularly being seen at Sabi Sab[i]**

*I went to the woods because I wished to live deliberately, to front only the essential facts of life and see if I could not learn what it had to teach, and not, when I came to die, discover that I had not lived.*

Thore[au]

VOETPADKOS



## Energiehappie

*Berei dié smeer vooraf en neem dit saam op 'n voetslaantog. Dit sal tot 3 weke teen kamertemperatuur en onbepaald in die koelkas hou.*

**1 x 410-g-fles grondboontjiebotter**
**65-125 ml (¼-½ koppie) kookolie**
**125 ml (½ koppie) heuning**
**500 g tot 1 kg poeiermelk**

Meng al die bestanddele saam tot 'n sagte fudge en voeg soveel poeiermelk by as wat nodig is. Skep in plastiekhouers en verkoel.
*1-1,5 kg smeer*


WENK
- Gekapte gemengde neute, dadels en rosyne kan ook bygevoeg word.

## Voetslanersghoelasj

*Ontwaterde groente kom baie nuttig te pas op 'n voetslaantog en kan vir 'n groot verskeidenheid maaltye gebruik word.*

**250 ml (1 koppie) soja**
**1 x 30-g-pakkie beesstert-soppoeier**
**1 x 49-g-pakkie kasserol-ghoelasjmengsel**
**125 ml (½ koppie) ontwaterde tamatiekrulle**
**250 ml (1 koppie) ontwaterde uie**
**500 ml (2 koppies) water**
**250 ml (1 koppie) ontwaterde aartappelvlokkies**

Meng al die bestanddele behalwe die aartappelvlokkies in 'n kastrol en verhit tot kookpunt. Roer deurentyd. Verminder hitte en maak 30-45 minute of tot sag gaar of verplaas na hooikis en laat staan 1 uur staan. Verdik met aartappelvlokkies en sit voor.
*1-2 porsies*



## NEW ROUTES

### Woodcliffe Cave Trails

In the Drakensberg near Maclear in the North eastern Cape, lies some of the lesser-known and relatively unexplored hiking areas in S.A. Woodcliffe Cave Trails offers a variety of hikes and outdoor activities in typical and unspoilt Drakensberg environment. Contact Graham or Phyll Sephton at P.O.Box 65, Maclear 5480. Tel: (045322) 1222.

### OAS Holiday Farm

84 km North of Karasburg in Namibia, OAS offers the hiker a change of scenery. One, two or three day hikes are available.
P.O.Box 4, Karasburg, 9000.
Tel: (06342) and ask for 4321 Stinkdoring.

### Kransberg Trail

Thabazimbi, which could be rather convenient for us southern Transvalers.
Contact Mrs. J. S. Scheepers, P.O.Box 2355, Vereeniging 1930
Tel: (016) 51-1407 (w) 51-2298 (h).

### Wilgeboschkloof

Two adjoining Karoo farms of over 10000 ha offer hikers no less than 5 trails to appreciate the natural,

Great Karoo. Contact Chris Stoman, P.O.Box 1026, Durbanville 7550. or Tel: (021) 96-8621.

# VOETSLAANWYSHEID

Mnr. Rocco Knobel, vroeër direkteur van die Nasionale Parkeraad, het eenmaal kort en kragtig ons verantwoordelikheid teenoor die natuur soos volg gestel: "Die mens kan dit nie skep nie. Hy kan dit nie eers herskep nie. Hy kan dit slegs bewaar".

'n Mens hoef nie te *vernietig* om te kan *geniet* nie! Jy kan alleen geniet as jy ook waardeer. En waardering het ons reeds beklemtoon, is onafskeidelik aan bewaring verbonde.

En wie na aan die natuur lewe, moet dit erken: as hy nie moedswillig sy oë en ore sluit nie, sien hy die ewige krag en goddelikheid van God almagtig.

Om in die natuur te vertoef is om soos Adam en Eva met God in 'n wonderparadys te wandel — al het ons vandag nog net klein oorblyfseltjies van die oorspronklike glorie van die tuin van Eden.

# Staperswenke.

***Om ordentlik te pas, moet die rugsaktuig aan vier basiese vereistes voldoen:***

- **Dit moet perfek by die vorm en grootte van jou rug pas.**
- **Jy moet so regop moontlik daarmee kan staan.**
- **Dit moet ten alle tye stewig en stabiel op jou rug wees.**
- **Dit moet as't ware 'n verlengstuk van jou liggaam word en daarmee saam beweeg.**

**Goeie ontwerp versprei die vrag eweredig oor al die nodige drapunte.**




### WAT VAN NOODVOORRADE?

Ongelukke gebeur wanneer 'n mens dit die minste verwag en ek beveel aan dat noodvoorrade vir een dag saamgeneem word. Kos vir noodsituasies moet:

- [ ] waterdig verpak wees;
- [ ] nie sensitief vir hitte of koue wees nie;
- [ ] goed hou, voedsaam en lig wees en min plek opneem;
- [ ] klaar gaar wees en net so uit die pakkie geëet kan word.

Swaar stapskoene kan byvoorbeeld baie meer skade veroorsaak as wat 'n mens dink. Bly dus op die gemerkte roetes. Dra ligter skoeisel in die omgewing van hutte of ander oornagplekke.

Die ekologie van die natuur word baie maklik versteur. Francis Thompson het dit so uitgedruk: "Thou canst not stir a flower without troubling a star".

Onthou: Ons mense is deel van die skepping en skade wat ons daaraan berokken is — op die ou end — skade aan onsself!

WANDELING DEUR GROENEWEIDE

Ek stap deur die woud van Saasveld af
Die pad is so steil ek moet rem of ek draf
'n Tonnel van lower omhul my geheel
Dis 'n lekker plek vir ape om in te speel
Ek daal na benede 'n paar honderd tree
Toe die voetpad meteens 'n gelyktetjie gee
Boomvarings en rotse versper nou my pad
'n Riviertjie vloei kabbelend so lekkerlyk nat
Teen die anderkantste wal lei 'n voetpaadjie steil
En terwyl ek so stap loer ek af op die kuil
Waar bruinwater vloei en al skuimende bruis
Dit smelt saam met die klank wat die woudblare ruis
Net 'n entjie verder om 'n perdeskoendraai
Staan reuse kalanders in hul blaredos fraai
Mosbaard hang repe soos sluiers na onder
Dit skyn of die oerwoud hul respekvol bewonder
Ek draai om in my spore die natuur is te groot
Ek voel myself klein - ek verdwaal in sy skoot.

BESEMFONTEIN IN DIE GROOT KAROO

Agter vele heuwels waar Seweweekspoort
vir hom 'n pad gekerf het deur die Swartberg
Het die wêreld vir 'n dag net aan my behoort
Waar sy flora se skoonheid al my aandag verg
Die verskeidenheid plante word nie ge-ewenaar
Waar hul pryk teen die heuwels of oor die vlak
Ontelbare soorte is gesaai hier voorwaar
Hul skoonheid laat mens na jou asem snak
Sommiger blompies is waarlik piepklein
Oral dra bossies 'n fraaie blomkleed
Dis jammer dat die son hul so gou laat verdwyn
Geen mens sal hul skoonheid ooit kan vergeet
Ek het gekom om te kyk en hul te geniet
Hulle bevoel, geskets en hul geure beruik
Want een van die dae is hul tydjie vervliet
Ek is dankbaar my tyd het ek vrugbaar gebruik
Op die kruin van die berg pryk die natuur se skulpture
Soos wesens op wag wat my stilweg beloer
Hul sit die dag om langs al sy mooi ure
Maak nie saak of ek kyk of sommer net sloer
Terwyl die laat winterson die dag ondermyn
Pak miswolke saam wat die bergkruin bedek
Ek sien hoe die beelde daarin verdwyn
Maar hier waar ek staan bly ek werklik net ek.



A trail is remote for detachment
narrow for chosen company
winding for leasure
lonely for contemplation
The trail leads not merely North to South,
but upward to the body, mind and soul of man.
This is the beauty of the trail
and what backpacking is all about.

glons, because
o sun will be more or less directly
orhead. The earlier in the morn-
g, or the later in the afternoon that
u try this method, and the further
u are from the Equator, the more
curate it becomes.
Ensure that your watch is show-
g the correct local time; conven-
nal time-zones which do not match
al time" should be ignored.
Don't use this method in prefer-
nce to a compass. I have mentioned
nly to correct an error and to give
u some back-up info.

**Voetslaan: 'n bedetog**
deur Ian Player

**"Wat ons in vandag se wêreld die nodigste het, is om die aarde binne onsself te hoor huil." – 'n Zen Boeddis**

Die Wanderstaff

Indien u belangstel tree in verbinding met onderstaande adres:


PO Box 914981
Posbus
Wingate Park
0153
RSA

INNOVATIVE IDEAS

☎ (012) 45-3742
Fax: (012) 998-6239


# Die Wanderstaff

## Oorsprong

Die **Wanderstaff**˙ stapstaf is vervaardig van rottang, kunsmatige sponsmateriaal sowel as rubber en metaal onderdele. Die rottang is afkomstig van Singapoer waar dit in natuurlike woude groei.

## Sorg

Die rottang stapstok is 'n natuurlike produk wat na vervaardiging steeds aandag verg om dit in goeie kondisie te hou. Jy moet self jou **Wanderstaff**˙ inbreek en verseker dat dit reguit bly. Die oppervlak van die stok is behandel om te verhoed dat dit vog kan absorbeer, en geen onderhoud daarvan is nodig nie. Die handgreep sal nie muf nie en kan met seep en water afgevee word indien dit vuil sou word. Die rubbervoet van die staf mag weens slytasie oor ruwe terrein later ongeskik raak vir gebruik. Vervang in so 'n geval met 'n soortgelyke produk wat by hardeware winkels beskikbaar is.

## Gedrag

Dit kan in die begin vir jou vreemd voorkom dat die **Wanderstaff**˙ soveel deurbuig as daar 'n las daarop geplaas word. Dit gebeur omdat rottang 'n lae elastisiteitsmodulus het. (Dit is nie 'n baie "stywe" materiaal nie). Die voordeel hiervan is egter dat baie min skok en vibrasie na die hand oorgedra word. Omdat die staf meegee as dit belas word sal dit ook nie maklik breek of splinter nie.

## Voordele

Die gebruik van 'n wandelstaf hou baie voordele in:

I. Dit help om die balans te behou oor moeilike terrein (byvoorbeeld oor 'n rivier)

II. Dit help jou om te gaan sit of op te staan met 'n swaar rugsak op.


III. Dit dien as 'n rem teen skuinstes af en kan op hierdie manier verhoed dat beserings aan die tone voorkom.

IV. Gebruik dit om die pad mee te baan deur ruie veld en voorkom so dat jy deur 'n slang verras word.

V. Gebruik dit as verdedigingsmaatreël teen honde slange en ander aanvallers.

### Keuse

Die lengte van jou **Wanderstaff'** behoort aan te pas by die vereistes van jou persoon. Dit word aanbeveel dat die lengte ooreenstem met dié hieronder aanbeveel:










**Om jou staf korter te maak; verwyder die rubber voet. Saag dan die staf op lengte deur gebruik te maak van 'n saag met klein saagtande. (Gebruik bv. 'n ystersaag). Plaas daarna weer die rubbervoet terug.**

## Blokkiesraaisel No 2.



**DWARS**

1. Noodsaaklik in die warm son.
5. Hitler se lyfwagte.
8. Soms moet ons dit gebruik.
9. Op die "Giants Cup" roete sien jy die horing.
10. Dit help nie om "haar" te roep nie.
11. Hier eet ons gewoonlik.
12. 'n Grot in die Drakensberge.
13. Kyk daarmee.
14. Dit moet jy nie neem nie.
15. Bert en Sonja smeer dit op hulle brood.
18. By die hut groet die Rooikeel fisante jou.
21. Baie bly as dit tyd is vir......
22. Die leier sê dit baie.
23. Ons is ....... daar.
24. Dit is lekker vir alle stappers.
25. Dit raak soms gedaan.
26. Jy moet dit doen as jy siek voel.
27. Dit is baie belangrik op 'n moeilike roete.
28. Jy kan hulle dalk raakloop op die Otter pad.
29. Afkorting vir hoof.
30. Sy is 'n ywerige stapper van ons klub.
31. Bogenoemde het ook die eienskap.
32. Vroue stappers se naam begin so!
33. Alle stappers is 'n regte.......
35. Die eerste hut vanaf Witfontein.
36c. Afkorting vir volksraadlid.
37. Jy moet betyds klaarmaak anders is jy.....
38. 19 de letter.
40. As jy die rivier oorgaan lê die hutte net voor jou.
41. Almal dra net ...... rugsak.

**AF**

1. Na 'n vlakte kry jy die hut.
2. Die gety waarna jy oplet.
3. Ook langs die see.
4. Die mooiste berg in ons land.
5. Om dit te doen is lelik.
6. Die lekkerste gereg vir die vroeë aand.
7. Die hut kry jy op die Tsitsikamma.
14. Die Unie (afkorting).
16. Dieselfde as 21 Dwars.
17. Noodsaaklik vir stapper om te .... op gevare.
19. ......! dit stink.
20. Mooi hut in Tsitsikamma.
23. Gee ...... waar jy loop.
26. Soms stap ons hier.
28. Ladybrand se registrasie nommer.
28b. Gee.
29. Die klip kry jy op Magoebaskloof roete.
30. Kitty se slaanding (kyk volume 1).
34. Eerste vrou.
35b. Lengtemaat.
36. Ook wat Sonja en Bert saamdra.
36b. Vark.
38. Gevaar as jy nie 'n hoed het nie.
39. Lekker na 'n stap